14 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 16**

Die gemeenskap van gelowiges

Al hou mense hulle hoe hard, het almal behoefte aan warmte, omgee en sorg vir mekaar. Jy hóór dit in hierdie slothoofstuk: insameling van liefdegawes vir behoeftiges (verse 1-4), planne om bymekaar uit te kom (verse 5-12), groete, goeie wense en aanbevelings van en vir mekaar (verse 13-24).

Dit laat mens dink aan die tientalle “mekaar-verse” in Paulus se briewe: bemoedig mekaar, bid vir mekaar, vermaan mekaar, groet mekaar, dra mekaar se laste, help mekaar, dien mekaar… Dié geloofsgemeenskap kom tot stand as vrug van Jesus Christus se kruis en opstanding. Dit is ‘n familie van broers en susters in die Here, wat oor bloedbande en oor taal-, lands- en volksgrense heen strek. Dit is ‘n familie wat anderkant die graf bly voortbestaan – vir ewig!

Dit is die “heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges” wat ons bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21:54,55.

Hoe belangrik is jou geloofsfamilie vir jou?

Uit watter kringe kom jou beste vriende? Hoeveel goeie vriende het jy in jou plaaslike gemeente? Vroeër was die “Doppers” ‘n hegte familie en soms selfs bloedfamilie deur ondertrouery! Byna almal het mekaar geken. Dit is helaas nie meer so nie.

Kan ons nie weer, ten spyte van TV, vol programme en gejaagde lewe, iets doen aan die opbou van ons geloofsbande nie? Jou gemeente is jou tuiste by die Here en sy mense, by jou ewige broers en susters!

Sing: Skrifberyming 27:5 Ds J Botha (Laeveld)